Hoofstuk 3

Caspar Jan Hendrik Steenkamp (b8)

(1726 – c. 1794)

Oriëntasie

Caspar[1] is omstreeks 1726 gebore en was nagenoeg 68 jaar oud toe hy in 1794 oorlede is. Hy was 'n boer, eers in die Swartland en later in die Coup naby die huidige Beaufort-Wes.

Caspar trou in 1752 met Levina[2] van Aarde. Levina is in 1733 gebore en was 55 jaar oud toe sy in 1788 oorlede is.

Hulle het tien kinders gehad, waarvan drie moontlik vroeg oorlede is.

Die gegewens oor Caspar se geboorte, doop, huwelik, lidmaatskap van kerke en sterfte ontbreek. Daar is in die tersake registers van daardie tyd gesoek na gegewens oor sy geboorte, doop en huwelik, maar niks kon opgespoor word nie. Ten opsigte van die geboorte en doop is gegewens gesoek vanaf 1752 tot 1776 – die tydperk waarin sy ouers se kinders ander gebore is. Op die manier is gepoog om te voorkom dat sy gegewens nie opgespoor is nie omdat sy plek in die volgorde van kinders dalk verkeerd aangedui is, maar dit is nie die geval nie.

Genealogiese gegewens

b8 **STEENKAMP, Caspar Jan Hendrik**: *c. 1726[3]; ≈c. 1726; †c. 1794[4].

x c.1752[5]: **VAN AARDE, Leonora (Levina) Catharina**: *c. 1733; ≈Kaapstad 25.10.1733. †c. 1788[6]. Dogter van Theunis van Aarde en Hilletje Kervel.

Jeug

Caspar, wat omstreeks 1726 gebore is, was Jan Steenkamp se agste kind en die vierde een in sy tweede huwelik met Jannetjie van Eck. In daardie tyd het Jan Steenkamp en sy gesin op *Het Slot van de Paardeberg,* wat eers in die Drakenstein en toe in die Swartland Distrik was, gewoon.

Dit is onbekend waar Caspar (Casper) se naam vandaan kom. Die naam Caspar Jan Hendrik kom vreemd voor, veral omdat daar nie doopgegewens is en die name van getuies, wat dalk vernoem kon gewees het, nagegaan kon word nie. In die soeke na Caspar se gegewens was dit opvallend dat die meeste kinders in daardie tyd een of twee name gegee is en slegs by uitsondering drie name. As gekyk word na die name van Jan Steenkamp se kinders en die bekende familielede kan geen afleiding oor vernoeming ten opsigte van Caspar gemaak word nie. 'n Rekenaarsoek is gedoen op die 17 volumes van die *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* met soekvelde Casper (en Caspar) Jan Hendrik. Daar is heelwat persone met die naam Casper Jan Hendrik gevind en ook enkeles met die

naam Caspar, maar daar is geen aanduiding van iemand wat die name voor hierdie Caspar Jan Hendrik gehad het nie. Daar is wel een Badenhorst wat ietwat voor Caspar gebore is en wat die naam Jan Hendrik gehad het.

Caspar was die tweede Steenkampseun wat 'n nageslag gehad het. Van Jan Steenkamp se veertien kinders is vyf vroeg oorlede. Toe sy pa oorlede is, was Caspar ongeveer 18 jaar oud en toe sy ma oorlede is, was hy reeds 46 jaar oud. Na Caspar se pa se sterfte, trou sy ma met Johann Heinrich Teutmann toe Caspar nagenoeg 21 jaar oud was.

Toe Caspar ongeveer 26 jaar oud was trou hy met die 19-jarige Levina van Aarde. Levina was die oudste van Theunis van Aarde en Hilletje Kervel se sewe kinders. Sy is omstreeks 1733 gebore en in die Kaap gedoop op 25 Oktober 1733. Haar ouers het blykbaar ook in die Swartland geboer[7].

In die tydskrif *Familia*[8] word in 2010 'n interessante artikel oor die Van Aarts/Van Aards gepubliseer. Daar word gegewens uit die artikel benut om kortliks 'n oorsig te verstrek oor Levina se voorgeslagte.



Woonplekke

Uit die gegewens hieronder, wil dit voorkom asof Caspar, nes sy vader, voorkeur daaraan gegee het om sy verpligtinge in die Kaap na te kom, maar dat hy nie daar gewoon het nie. Die eerste aanduiding van 'n woonplek is in 1762, toe hy nagenoeg 36 jaar oud was en daar gegewens is dat hulle op die plaas Brakfontein, suid van Riebeeck-Kasteel, woon. Die plaas word hertoegeken in 1772 en vir 'n tydperk is daar nie 'n aanduiding van waar Caspar en Levina gewoon het nie.

In 1776 word hulle aangetref op die plaas Palmietfontein in die Koup. Die plaas was net wes van Beaufort-Wes en blykbaar het hulle daar gewoon tot hul dood.

Eiendom

Benaderde ligging van Brakfontein



Waarskynlike ligging van Palmietfontein



Op 26 Maart 1762 word die plaas "… aan de brack fonteijn gelegen aan de bergrivier en't einde van Riebeeks Casteel …" aan Caspar toegeken as leningsplaas[9]. Dit was in die Wyk Kasteelberg van die latere Distrik Malmesbury. Dit stem tans ooreen met die plaas **Brakfontein 791[10]** op die kaart hierlangsaan. Op 6 Febraurie 1772 is die plaas hertoegeken aan Pieter Jordaan. Dit is dus moontlik dat Caspar-hulle tot 1771/72 op Brakfontein geboer het. Daar volg nou 'n paar jaar waarvoor daar geen aanduiding is van waar hulle geboer het nie.

Op 25 Januarie 1776 is die "Plaats de Palmiete Fonteijn (**Palmietfontein**) gelegen in de Koup aan de Nieuwe Veldsberg" aan Caspar toegeken as leningsplaas[11]. In die reeks *Bewaarders van ons Erfenis* word die posisie ten opsigte van plase in die Kaapkolonie, soos in 1850, weergegee. Daarvolgens is daar 'n plaas Palmietfontein in die Wyk Koup 2 van die Distrik Beaufort. Die plaas word nie meer aangetoon op die Landmeter-Generaalkaarte nie. In ag genome dat die beskrywing van die plaas dui op nabyheid aan die Nuweveldberge, kom dit voor asof die ligging in *Bewaarders …* die waarskynlikste is[12]. Caspar het die plaas nog by sy afsterwe in 1794 gehad en die opstal daarop is deel van die boedel[13].

Die opgaafrolle oor Caspar is verwarrend en bied nie die inligting wat dit gewoonlik oor individue bied nie. (Die rolle is opgawes met die doel om belasting te hef.)

Opgaafrolle[14] van Caspar Steenkamp en egpaar se Inventarisse[15]

Distrik	Kaap	Kaap	Kaap	Kaap	Kaap	Inv.	Inv.
Item	**1741**	**1751**	**1762**	**1767**	**1773**	**1788**	**1794**
Mans	1	1	1	1	1	1	
Vroue		1	1	1	1		
Seuns			3	4	3	2	2
Dogters			1	2	3	3	3
Slawe			1	1			
Perde	1	1	1	16	1		1
Beeste				15		75	112
Skape						1688	1500
Koring gewen (mud)				10			
Snaphane	1	1	1	1	1		
Pistole	1	1	1	1	1		
Degens (Swaarde)	1	1	1	1	1		
Inv = Inventarisse van Levina en Caspar se boedels							

Dat Caspar se rolle hom aantoon as in die area van die Kaap, terwyl hy plase gehad het in die Swartland en die Koup is moeilik te verklaar. Dit is moontlik omdat hy, soos sy pa, voorkeur gegee het om sy besigheid in die Kaap te doen.

Caspar is 15 jaar oud toe die eerste opgaaf oor hom voltooi is en dit is moontlik dat hy toe nog by sy ouers op Het Slot van de

Paardeberg gewoon het. Die opgaafrol van 1751, toe hy 25 jaar oud was, dui aan dat hy getroud is. Toe die opgaafrol van 1762 voltooi is, was daar vier lewende kinders en een kind was oorlede. Dit is ook die jaar waarin Brakfontein aan Caspar toegeken is. Slegs die opgaafrol van 1767 gee enige aanduiding van ’n boerdery. Indien mens egter na Levina en Caspar se inventarisse vir hul boedels kyk, is dit duidelik dat die opgaafrolle nie verteenwoordigend was van Caspar se boerdery nie. Die inventarisse dui op ’n gemiddelde veeboerdery.

In die inventaris vir die boedel[16] van Levina word die plaas Palmietfontein, die vee soos hierbo aangeteken, twee waens en enkele besittings aangetoon. Daar is geen meubels, baie min kombuisgereedskap en geen plaas- of ander gereedskap in die inventaris nie. Daar was ook ’n jaar se rekognisiegeld (huurgeld) op die plaas uitstaande. Dit kan natuurlik nie bepaal word in hoeverre die inventaris volledig was nie.

Die inventaris vir Caspar se boedel[17] dui op meer besittings. Benewens die plaas is daar die vee soos hierbo aangedui. Daar is ’n ouerige wa, ploeggereedskap, plaas- en ander gereedskap, enkele meubelstukke en kombuisgereedskap. Dit is interessant dat daar nie in een van die twee inventarisse na vuurwapens verwys word nie, terwyl dit in al die opgaafrolle hierbo vermeld word. Daar moes egter nog vuurwapens gewees het, want in die boedel was ’n bedrag verskuldig vir kruit wat aangekoop is.

Kerk en gemeenskap

Daar kon nie gegewens oor die kerklidmaatskap van Caspar en Levina opgespoor word nie. Hulle doop die kinders tot 1770 in die kerk in die Swartland en daarna word een van die kinders te Tulbagh gedoop.

Huwelik en gesin

Caspar en Levina het tien kinders gehad, waarvan 3 moontlik ongetroud en/of vroeg oorlede is:

- Jan Harmse, agtereenvolgens getroud met Maria Magdalena de Klerk, Johanna Maria van der Walt en Maria Susanna Bester.
- Hilletje Maria, getroud met Daniel Pienaar.
- Casper Jan Hendrik, getroud met Maria Magdalena Putter.
- Gerrit wat moontlik vroeg oorlede is.
- Theunis (Marthinus) Gerrit, eers getroud met Catharina Wilhelmina de Klerk en daarna met Wilhelmina Christina Durand.
- Johanna (Jannetjie), getroud met Willem Jacobus Pelser.
- Levina Catharina, eers getroud met Barend Johannes Vorster en daarna met Louis van Wyk.
- Sara, moontlik vroeg oorlede.
- Anna Catharina, getroud met Hendrik Kruger.
- Maria Margaretha, moontlik vroeg oorlede.

Daar is vir hulle 68 kleinkinders aangeteken, waarvan 27 seuns was.

Latere lewensjare

Die inventaris vir Levina se boedel word op 26 Maart 1788 opgestel[18] wat daarop dui dat sy in die eerste kwart van 1788 oorlede is. Sy was toe nagenoeg 55 jaar oud. Die inligting in die inventaris is reeds hierbo behandel. Hulle kind Casper Jan Hendrik is in 1784 oorlede. Die ouderdom van die kinders wat Levina oorleef is in enkele gevalle verkeerd aangetoon in die inventaris. Die werklike ouderdomme was soos volg:

- Jan Harmse – 36 jaar. (Inventaris dui aan: 31 jaar.)
- Hilletjie Maria – 34 jaar.
- Theunis (Marthinus) Gerrit – 29 jaar.
- Johanna (Jannetjie) 24 jaar. (Inventaris dui aan: 27 jaar.)
- Levina Catharina – 18 jaar.
- Sara – reeds vroeg oorlede. (Sy moes tussen 15 en 18 jaar oud gewees het as haar ouer en jonger suster se ouderdomme in ag geneem word.)
- Anna Catharina 15 jaar. (Nie aangedui op Inventaris.)

Die inventaris van Caspar se boedel word onderteken op 1 Julie 1794[19], wat daarop dui dat hy in die eerste helfte van 1794 oorlede is, toe hy nagenoeg 68 jaar oud was. Toe Caspar oorlede is, het vyf van die kinders nog geleef: Hilletje Maria is sedert Levina se sterfte ook oorlede. Die inhoud van die inventaris is hierbo bespreek. Dit het lank geneem voordat Caspar se boedel heeltemal afgehandel is. Op 30 November 1798[20] is die eerste Likwidasie- en Distribusierekening opgestel en op 30 November 1800[21] is die rekening afgehandel.

---

[1] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[2] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[3] Steenkamp, Jan Harm. 1969. *Die Steenkamps van Suidelike Afrika.* Private publikasie. Bl. 55.
[4] KAB MOOC 8/22. Verw. 7. Inventaris opgestel op 1.7.1794.
[5] Beraam volgens die kinders se dope.
[6] KAB MOOC 8/50. Verw. 35. Inventaris opgestel op 26.3.1788.
[7] Van Aardt, Pieter. 2010. *Stamouers Gerrit Jansz Van Aardt en Levijntje Theunis van Gent. Die mense agter die name.* Familia Volume 47 nr. 1. Bl. 67 -74.
[8] Van Aardt, Pieter. 2010. *Stamouers Gerrit Jansz Van Aardt en Levijntje Theunis van Gent. Die mense agter die name.* Familia Volume 47 nr. 1. Bl. 67 -74.
[9] KAB RLR 17/1. Bl. [62].
[10] Madmappers DVD 1. Kaart 3318BD. GEO(WGS84) 33°28'48.87"S, 18°54'40.06"O. *Mapset: South Africa – AfricaTopo GPS topographic map series.* DVDs 1 en 2. Versprei deur Madmappers.
[11] KAB RLR 24/1. Bl. [19].
[12] Le Roux, J G, Niemandt J J, Olivier, Mariana en Olivier, Ronel. 2005. *Bewaarders van ons Erfenis. Beaufort (Wes).*. *(*Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.) Bl. 26. Daar is ook 'n plaas Palmietfontein in die Wyk Koup 3, maar dit is ver vanaf die Nuweveldberge.
[13] KAB MOOC 8/22. Verw. 7.
[14] KAB A2250 (Opgaafrolle getranskribeer deur die Universiteit van Wes-Kaapland).
[15] KAB MOOC 8/50. Verw. 35 en 8/22. Verw. 7.
[16] KAB MOOC 8/50. Verw. 35.
[17] KAB MOOC 8/22. Verw. 7.
[18] KAB MOOC 8/50. Verw. 35.
[19] KAB MOOC 8/22. Verw. 7. In die Inventaris word verwys na Casper Steenkamp. Die kinders en skoonseuns is nagegaan en verseker dat dit die inventaris van Caspar Jan Hendrik Steenkamp is.
[20] KAB MOOC 13/1/22. Verw. 11.
[21] KAB MOOC 13/1/23. Verw. 35.



Burchell, Deel 1. Bl. 98.